

2 Oktober

Eksodus 4:10 -17

(Teks: 4:13)

Ek wil dit nie doen nie

As die Here vir die derde keer vir Moses sê: "Gaan nou, Ek sal jou help", is ons gedagte: Nou sal Moses bereid wees om te gaan. Maar nee! Vir die derde keer praat hy teë: "Asseblief tog, Here, stuur liever iemand anders. Met ander woorde: *Ek wil nie*."

Verskriklike woorde wat 'n skepsel vir sy Skepper sê. Maar pasop om Moses nie te gou te veroordeel nie, want hoe dikwels sê ons dit nie ook vir die Here nie! Soveel verskonings waarom ons nie gereeld kerk toe kan gaan, of *nou* kan doen wat die Here van ons vra nie. En intussen lieg ons, want ons *wil nie*.

Dat die Here vir Moses nou kwaad word, kan ons goed begryp. En tog is God nog genadig. Hy beveel Moses om te gaan. Hy vertrou hom deur sy broer Aäron saam met hom te stuur om die praatwerk te doen. En Hy maak Moses gehoorsaam en gewillig met die belofte: Ek sal julle leer wat om te doen (Eks 4:15).

Moses was maar 'n sondige mens soos ek en jy. As *bemiddelaar* tussen God en sy volk in die Ou Testament het hy uitgesien na die *volmaakte Middelaar* van die Nuwe Testament - Jesus Christus, wat die wil van sy Vader in volkome gehoorsaamheid gedoen het. Toe die Here vir Jesaja gevra het "Wie kan Ek stuur?" het hy dadelik geantwoord: "Hier is ek! Stuur my!" Mag dit ons gesindheid wees as die Here ons roep om dienswerk in sy koninkryk te verrig.

Sing Psalm 18:13

Dr. C J. Malan (Emeritus)